

KONINKRYK-AANVULLERS

NOVEMBER 2012

© Afrikaanse Weergawe 2017 by AnointedJW.Org

23 November 2012

Tien maande het verloop sedert hierdie webtuiste oopgestel is. Ons aanvanklike en hoofdoel was gewees om die organisasie van Jehovah se Getuies te beweeg vanaf 'n twee-hoop, aarde-oorheersde organisasie, tot 'n een-hoop, gees-begeleide broederskap. Ons het baie in hierdie verband vermag, soos wat honderde broers en susters ontwaak tot hulle ware verhouding met God, naamlik as seuns en dogters van die Vader in die hemele en wel met 'n hemelse hoop.

Die toename van nuwe seun van die koninkryk en in die belangstelling in die hemelse hoop het eksponensiaal toegeneem sedert die Bestuursliggaam vorendag gekom het met die 'nuwe lig' omtrent die identiteit van die Getroue en Verstandige Slaaf, wat in **Matteus 24:45-47** vermeld word. Al meer en meer van ons broers en susters het na vore getree vanuit die skadu's en '[tot in God se wonderbare lig!](#)' (**1 Petrus 2:9**) Ons is trots op hierdie moedige manne en vroue wat hulle folterpale opgeneem het en hulle lot gewerp het saam met die Christus. (**Matteus 16:24**) Dit is nie 'n maklike ding om te doen wanneer jy omring is deur mense wat jy liefhet en wat eenvoudig nie die hemelse roeping kan begryp nie en wat vol vrees is dat jy op een of ander wyse afgekeur geraak het.

Wat ons die meeste verras het, is die swak begrip wat eks-Getuies omtrent ons bediening het. Dit blyk of hulle dink dat ons 'n defektiewe organisasie probeer kunsmatig aan die gang probeer hou, terwyl ons werklikheid poog **om 'n broederskap te help heel**. Dit is maklik **om te sê** dat almal wat besef dat die twee-hoop lering 'n fout is, die organisasie behoort te verlaat. Dit is egter uiters moeilik **in die praktyk**, soos hierdie einste persone reeds bewys het. Hoewel baie reeds die organisasie verskeie jare gelede verlaat het, sommig dekades al, hang 'n groot getal steeds aan elke woord wat deur die Genootskap geskryf word asook elke ontwikkeling binne-in die assosiasie. Hulle gesprekke word oorheers deur stories, baie ware stories, hoe hulle leed aangedoen is deur hulle assosiëring met Jehovah se Getuies en hoe gretig hulle is om die ineenstorting daarvan te wil aanskou. Hulle voete mag dalk uitgestap het, maar hulle harte en hulle emosies bly agter soos 'n minnaar wat die trekpas gegee is en maar net nie afsluiting kan vind nie. Dit is nie ons bedoeling om hulle stryd te minimaliseer nie, maar ons wil beklemtoon dat deur bloot die organisasie te verlaat het, hulle nie geheel het nie. Iets meer word benodig. Ons is van mening daardie 'ietsie meer' is die egter, outentieke, werklike, openlike en duidelike onderwysings van Jesus Christus, nie net vir hulle nie, maar vir die Bestuursliggaam en almal wat in die organisasie agterbly. Slegs dán sal 'n ware heling kan plaasvind.

Ons is ook gedagtig aan die duisende broers en susters in die Wêreldwye Orde van Jehovah se Getuies – diegene in spesiale voltydse diens, soos reisende opsieners, Bet-eliete en sendelinge – wat hulle lewens voltydse toewy aan die verkondiging- en onderrigwerk. Hulle lê 'n plegtige verklaring af om wêreldsgoed te versak en van onderdanigheid aan die leiding van die Bestuursliggaam, wat op sy beurt hulle voorsien van onderdak, lewensmiddele, vervoer, vakansies, gesondheidsversekering en ander noodsaaklikhede. Hierdie mans en vrouens is van die skranderste geestelike intellekte in ons assosiasie. Ons is seker dat hulle weet dat die dinge wat ons op hierdie webtuiste publiseer, waar is. In der waarheid weet ons persoonlik gehoor van 'n paar wat ons werk waardeur en wag om te sien wat aan 't ontwikkel is.

Om net weg te stap van die organisasie, as hulle graag wou, is selfs moeilikers vir diesulkes. Nie alleen sal hulle hul harte agterlaat nie, maar sal ook hulle lewensbehoud in die weegskaal plaas en hulle vermoë om hulleself te ondersteun. Daar is eenvoudig net nie 'n groot aanvraag vir predikers en onderwysers in die betalende werksmark nie. Baie onder hulle is bejaard en het groot behoefte aan hulle gesondheid versekering. Ons broers en susters in die Wêreldwye Orde kan maar net hoop en bid om 'n verandering; hulle kan dit nie openlik soek nie. Dit is 'n unieke en besonderse individueel wat die leiding van die Bestuursliggaam sal uitdaag en daardeur hulle lewensonderhoud in die weegskaal plaas.

In stede doen hulle wat hulle kan om ons broers en susters te vertroos, op te beurt en te ondersteun wat bedruk, verward en ongeïnspireerd mag voel as gevolg van die gebrek aan 'n ware en werklike verhouding met die Vader. Maar dink aan die gevolge van ons organisasie as hierdie briljante, spesiale diensknegte in staat kon wees om openlik te preek en te onderrig omtrent die seunskap met God en die najaag van die koninkryk van die hemele! Verbeel jou die toestroming van seuns en dogters na die Vader, regoor die wêreld heen! Dink maar aan hoe jy geraak is deur die ware koninkryksboodskap en verbeel jou dat prakties elke persoon wat jou boodskap hoor, soortgelyk reageer en die mantel van ambassadeurskap vir Christus opneem! Hierdie assosiasie wat ons leer liefkry het, kan verander word en 'n ware bate word vir die Vader, die Christus en die hele wêreld!

Dit berus dus by die plaaslike broers en suster om verander teweeg te bring. Nie op 'n wyse wat ons asosiasie ten gronde sal bring nie, maar op 'n wyse wat dit sal heel. Die verandering wat nodig is, kan slegs teweeggebring word deur 'n beweging van onder af, vanaf die broers en susters op die plaaslike voetsoolvlak. Deur hulle seunskap met God te aanvaar en openbare belydenis van hulle geloof af te lê. (**Hebreërs 10:23**), sal die Bestuursliggaam nie langer meer in staat wees om die duidelike werking van Heilige Gees te ignoreer nie. Hulle sal geforseer wees om rekening te hou met die werklikheid van die hemelse hoop en die deure van die Koninkryk wyd oop te laat swaai wat hulle op so 'n jaloerse wyse oor die dekades heen bewaak het. Kom ons kyk dus na die vordering wat ons in daardie rigting gemaak het.

Ons het begin met 'n eenvoudige boodskap dat ons 'almal seuns van God is deur ons geloof in Christus Jesus.' (Galasiërs 3:26) Ons het meer as 30 artikels gepubliseer, ondersteun deur 'n oorvloed skrifverwysings, wat bevestig dat hierdie die ware goeie nuus is van die

koninkryk. 'n Paar van die artikels is 'n vers-vir-vers oorweging van die sendbriewe aan die Romeine, 1 Korintiërs, Galasiërs en Kolossense. Ons het ook 'n reeks artikels gepubliseer wat die futiliteit van die aardse hoop aantoon, naamlik **Die Gekoesterde Aardse Hoop**, gevolg deur 'n opheffende reeks omtrent die hemelse hoop getiteld **Die Glorieryke Hemelse Hoop**. Die sukses van hierdie artikels het ons gelei om twee bykomende artikels te publiseer waarna ons verwys as **Hemelse-Voorspieëlings Dele II en III**. Hierdie artikels het die harte van baie binne-in die asossosie aangegryp, sowel as duisende wat in assosiasie met ander godsdiensgroepe is.

Daarbenewens het ons weeklikse briewe aan die Skryfafdeling en die Bestuursliggaam geskryf en hulle versoek om die aardse hoop weer onder oë te neem en, indien ons korrek is, ons dienooreenkomstig te laat weet. Ons het nog nie 'n woord van enige van die twee groepe ontvang nie tot en met die Oktober 2012 Jaarvergadering waar die sogenaamde 'nuwe lig' omtrent die ware identiteit van die Getroue en Verstandige Slaaf vir die eerste keer tot uiting gekom het. Baie beskou hierdie openbaring as 'n reaksie op ons webtuiste, hoewel ons nie enige direkte bevestiging van daardie aanname het nie.

Die oppervlakkige boodskap van die sogenaamde 'nuwe lig' is dat die enigste persone wat gemagtig is om geestelike en skriftuurlike inligting te voorsien aan Jehovah se Getuies, die Bestuursliggaam van 8-lede is. Die implikasie is dat ons, hier by www.AnointedJW.org, die werksaamhede van hierdie webtuiste moet laat vaar en onderwerp aan die status quo van twee verwagtinge.

Maar uit die aard van die saak werk die Gees van die Vader nie op daardie manier nie. Heilige Gees is nie onderworpe aan die giere en geite van mense nie. Heilige Gees tree altyd op in 'n voorwaartse en positiewe wyse, altyd besig om die Vader te bevorder, die Christus en hulle ewige voorneme. (**Johannes 16:13-14**) Om Heilige Gees te ontken of te weerstaan is om dit te bedroef, waarteen ons spesifiek raadgegee word. (**Efesiërs 4:30**) Ons word verder vertel dat enigiemand wat die hemelse gawe smaak en dan hulle rug daarop keer die vermoë om vergifnis te ontvang, mag verbeur. (**Hebreërs 6:4-6**) Net soos die eerste eeuse Christene “**kan ons nie ophou praat oor die dinge wat ons gesien en gehoor het nie.**” (**Handelinge 4:18-20**)

In die wete egter dat baie van ons broers ontsteld is oor die oënskynlike magsgreep en vermeende demovering van alle gesalfde Christene, het ons 'n artikel gepubliseer, naamlik **Die Liefde Hoop Alle Dinge**, met die hoop om die ontevredenheid te versag totdat verder inligting ontvang word. Ons het talle e-posse ontvang wat waardering uitspreek en bevestig dat die artikel gedoen het waarvoor dit bedoel is.

Terwyl daar gewag word op verdere inligting vanaf die Bestuursliggaam omtrent die jongste 'nuwe lig,' het ons 'n artikel geskryf wat ondersoek instel of daar werklik 'n eerste eeuse bestuursliggaam was wat 'n presedent daargestel het vir die hedendaagse Bestuursliggaam van Jehovah se Getuies. Die ondersoek het gelei tot die gevolgtrekking daar nie een was nie, wat aanleiding gegee het tot die artikel, **Die Bestuursliggaam Mite**. Die artikel is nie bedoel om die hedendaagse Bestuursliggaam aan te val nie. Dit is bedoel om hulle op hulle

behoorlike plek te sit, nie as 'n goddelik aangestelde liggaam wat bepaal hoe ons aanbid en intree vir ons by Christus nie, maar as 'n mensgemaakte liggaam wat toesig hou oor die administratiewe aspekte van 'n internasionale organisasie van predikers en onderrigters. (2 **Korintiërs 1:24**)

Nadat meer besonderhede ontvang is omtrent die sogenaamde 'nuwe lig,' in besonder dat die gesag van die Bestuursliggaam gebaseer is op die idee dat Jesus altyd die menigte gevoed het aan die hand van die paar, het ons 'n verdere artikel geplaas, **Die Voeding van die groot Skare**. Hierdie artikel het werklik ondersoek ingestel hoe die prediking en onderrigtingswerk van die Christen gemeente begin en gevoer is. Die ondersoek het getoon dat heel aan die begin daar slegs 'n paar was wat die kudde bedien het. maar Jesus het sy volgelinge versoek om tebid vir baie meer werkers in die oes. (**Matteus 9:3-39**) Ja, Jesus het bedoel dat daar baie meer hande moes wees om sy menigte dissipels te voed.

Laastens het die Bestuursliggaam op hulle amptelike webtuiste hulle aantekeninge van die 2012 Jaarvergadering gepos, getiteld **Jaarverslag, "Voedsel op die Regte Tyd."** Hier het ons sonder enige twyfel geleer dat die Bestuursliggaam besef dat die 'klein kuddetjie' (**Lukas 12:32**) en die 'ander skape' (Johannes 10:16) almal 'huisknegte' is, dit wil sê, lede van die 'huisgesin van God.' (**Efesiërs 2:19**) Of hierdie regerende broers dit besef het of nie, die Gees het hulle gelei om te publiseer dat ons inderdaad een kudde is, met een Here en een Vader en dus een hoop het, naamlik die hemelse. (**Efesiërs 4:4-6**) Daar is geen ander manier om na hierdie 'nuwe lig' te kyk nie.

Elke eerlikgesinde persoon wat kyk na die Christen Griekse Geskrifte sonder die 'sluier van Moses' (2 **Korintiërs 3:12-18**) sal sien dat die Vader wil hê dat ons almal moet uitreik na die opwaartse roeping. (**Filippense 3:14**) Paulus verduidelik dat as ons dit nie doen nie, ons die Vader behoort te bid dat Hy ons misleide intellekte kan regstel. (**Filippense 3:14-15**)

So Broers, ons het ons eerste toonaangewende punt bereik. Ons leierskap erken die eenheid van ons hoop en dus ook ons seunskap met die Vader en die broederskap van elkeen van ons met mekaar en saam met die Christus. (**Galatians 3:26; Ephesians 4:4-6; Romans 8:14-17**) Nou berus dit op ons as individue by te hou en vir mekaar op te staan en vir ons broers en susters in die spesiale voltydse bediening wat met moeilike omstandighede te kampe het om in die openbaar op te staan sover dit dit Koninkryk van die Hemel aanbetref.

Ons is absoluut vol vertrou dat dit die Vader se wil is dat ons organisasie ontwaak tot die ware hop vir die mensdom en aan die voorpunt sal wees met die verkondiging van die ware goeie nuus van die Koninkryk. Ons is egter altyddeur gedagtig aan die goddelike gawe van vrye wil wat aan ons almal geskenk is, insluitende die Bestuursliggaam. Hulle het die vryheid om die Gees se ooglopende manifestasie te volg of om dit te weerstaan. Ons hoop dat hulle dit sal navolg. En wat hulle sover kan bring om die werk van die Gees te sien, is die moedige optrede van ons plaaslike broers en susters wat in die openbaar hulle hoop verklaar, sonder huiwering.

Laat ons ons verstande hou op die dinge daarbo (**Kolossense 3:2; Romeine 8:6-8**) die hemelse dinge en nie terugdraai na die swak, armoedige en elementêre leerstellings van 'n aardse hoop nie. (**Galasiërs 4:9**) Ons, sover dit ons aanbetref, sal voortgaan om opbouende skriftuurlike en geestelike inligting te verskaf vir solank as wat die Gees dit toelaat. En ons sien uit daarna om nog 'n aanvuller te publiseer oor 'n paar maande, wat voortdurende vordering sal toon ten opsigte van 'n een-hoop, gees-geleide broederskap van Jehovah se Getuies.

Vrede aan almal.

“Elaia Luchnia”